Stellenbosch
UNIVERSITY
IYUNIVESITHI
UNIVERSITEIT

**Vrywaring**

Die aanvanklike gradeplegtigheidskennisgewing word aan alle finalejaar- en nagraadse studente gestuur, ongeag of hulle by een van die Desember-gradeplegtighede in 2023 sal gradueer of nie.

Die blote ontvangs van hierdie inligtingsdokument dien dus nie as 'n bewys dat 'n kwalifikasie verwerf is nie, want die dokument word versprei en opgelaai voor die bekendmaking van die name van die studente wat by die onderskeie plegtighede sal gradueer.

Studente wat vir graduering in aanmerking kom, sal 'n e-poskennisgewing oor die gradeplegtighede ontvang. Program- en naamlyste van graduandi word van Maandag 11 Desember 2023 af bekendgemaak. Studente moet aan alle vereistes vir die spesifieke sertifikaat, diploma of graad voldoen om te gradueer. Foute kom wel voor en die verantwoordelikheid rus op u om seker te maak dat u aan al die vereistes voldoen om u kwalifikasie te ontvang.

Let verder daarop dat studente wat die tweede assesseringsgeleentheid (A3-assesseringstydperk van 22 November tot 8 Desember 2023) benut en geslaag het, hul kwalifikasies by die gradeplegtigheidsweek van 25 tot 28 Maart 2024 sal ontvang.